

**KLEINGROEPLESSE**

**DIE SAKRAMENT VAN  
DIE DOOP**

**23 JULIE - 27 AUGUSTUS 2018**

**NOTAS**

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

# INHOUDSOPGAWE

<b>LES</b>	<b>LESTEMA</b>	<b>WEEK VAN</b>	<b>BLADSY</b>
<b>1</b>	<i>Die instelling van die Doop van die Gelowige</i>	<b>23 Julie</b>	<b>1</b>
<b>2</b>	<i>Besprinkeling en die Suigelingsdoop</i>	<b>30 Julie</b>	<b>5</b>
<b>3</b>	<i>Teologiese begroning van die Doop</i>	<b>6 Augustus</b>	<b>9</b>
<b>4</b>	<i>Die Doop van die Gelowige en die Christus-Doop</i>	<b>13 Augustus</b>	<b>14</b>
<b>5</b>	<i>Bybelse konteks van die Doop</i>	<b>20 Augustus</b>	<b>21</b>
<b>6</b>	<i>Waarom moet gelowiges gedoop word?</i>	<b>27 Augustus</b>	<b>26</b>

# DIE SAKRAMENT VAN DIE DOOP

Met dank aan Professor Francois Möller

## INLEIDING

Die verskillende Christelike denominasies is dit eens dat die sakrament van die doop iets verkondig van die kern van die evangelie van Jesus Christus. Tog is daar nie eenstemmigheid oor die wyse waarop die doop bedien moet word nie, en ook nie aan wie dit bedien moet word nie. Die oorgrote meerderheid van die Kerk bedien die doop aan suigeling van gelowige ouers by wyse van drievoudige besprinkeling of oorgieting van water oor die hoof van die kind. Dit word gedoen in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees.

Die verskeidenheid van doopspraktyke lei tot verwarring onder gelowiges, juis omdat elke denominasie met groot oortuiging beweer dat hulle bediening van die doop korrek en Bybels is. Die manier waarop die Christelike doop egter begryp moet word, is om dit in terme van Christus te verstaan en te verklaar. Christus is die waarheid (Johannes 14:6), en in Hom kom ons by die waarheid omtrent die doop uit. Die uiteensetting oor die volgende paar weke van die doop, is daarom 'n poging om Christus-sentries te dink en te redeneer.

Die materiaal wat volg, bevat baie inligting en dit is nodig dat dit nie net vlugtig deurgelees word tydens julle byeenkomste nie. Ons stel voor dat die materiaal ten minste een week voor die aanvang van les 1 aan alle lede van jou groep gestuur word om vir die betrokke week se les te kan voorberei en tyd te kan spandeer met die inhoud. Dit sal die bespreking op die aand baie beter laat vloei.

Geniet die *journey*!

*Jesus sê vir hom: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom by die Vader uit behalwe deur My nie. As julle My ken, sou julle my Vader ook geken het. Van nou af ken julle Hom en het julle Hom reeds gesien.” – Johannes 14:6-7*

## Die instelling van die Doop van die Gelowige

---

### A. YSBREKER

Wat is die beste ding wat met jou gebeur het die afgelope week?

### B. AANBIDDING

*Nou wil ek julle baie ernstig vra, broers en susters: As julle dink aan alles wat God in sy groot barmhartigheid vir julle gedoen het, gee dan julleself aan Hom as 'n lewende en heilige offer. Dit is dié soort offer waarvan Hy hou, en wat julle diens aan God werklik sinvol maak. Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragpatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hy wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is.- Romeine 12:1-2 (NLV)*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofsang en gebed.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:*  
[https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC\\_IrRgrF3IAjSfwubWSck](https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck)

### C. WOORD

- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes oor “Die instelling van die Doop van die Gelowige” hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur, en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

#### 1. Skrifgedeeltes en bespreking

Die Nuwe Testament verwys na Johannes die Doper wat mense gedoop het met die belydenis van hulle sondes.

*En nadat hulle hulle sondes bely het, het hy hulle in die Jordaanrivier gedoop. – Matteus 3:6 (NLV)*

Na hierdie doop word verwys as die doop van Johannes.

*“Met watter doop is julle dan gedoop?” het hy gevra. Hulle het geantwoord: “Met die doop van Johannes.” – Handeling 19:3 (NLV)*

Die doop van die gelowige soos dit vandag in die Kerk bedien word, is egter eers na die opstanding van die Here deur Homself ingestel. Ons begin met wat die Here self oor die doop gesê het. Dit word gevind in Matteus 28:18-19 (NLV)

*Jesus kom toe nader en sê vir sy dissipels: “God het die volle mag oor hemel en aarde aan My toevertrou. Gaan dan, maak al die nasies my dissipels, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.”*

Dit is belangrik om daarop te let dat by die helder en duidelike uitspraak van die Here begin word om die sakrament van die doop te verstaan. Daar kan nie met Ou Testament uitsprake, soos die verbond van God met Abraham en die besnydenis, begin word en dan die Nuwe Testament uitsprake oor die doop daarby aanpas nie. Die Skrifgeleerdes het byvoorbeeld vanuit hulle interpretasie van die Ou Testament 'n verwronge beeld gevorm oor wie die Messias sou wees. Christus het nie by hulle begrip ingepas nie, en is gevolglik verwerp. Christus en sy uitsprake is eerder deurslaggewend van hoe die Ou Testament uitsprake in dié verband verstaan moes word. Die Nuwe Testament kan nie in die lig van die Ou Testament verstaan word nie. Nee, dit is andersom, die Ou Testament uitsprake moet in die lig van die Nuwe Testament (die helderder openbaring van God) begryp word.

Die volgende beginsels kan uit hierdie Skrifgedeelte onderskei word:

- ***Maak dissipels:***

Hierdie woorde is die vertaling van die Griekse woord *matheteusate* (Die Aoristus bevelsvorm van *matheteuō*). Hierdie werkwoord se selfstandige naamwoord is *mathētēs*, wat dui op 'n dissipel of leerling. Dit kom met ander woorde daarop neer dat die dissipels ander mense ook soos hulleself sou maak. Dit is mense wat hulle vertrou en geloof in Christus stel en volgens sy wil en leer lewe – dit is volgelinge van Jesus Christus. Dit gebeur as mense die evangelie hoor, dit glo en aanneem, sodat hulle innerlik nuut gemaak word (wedergebore word) deur die Heilige Gees, en dan daarvolgens leef.

- ***Al die nasies:***

Die Griekse teks lees: *panta ta ethnē*. Die woord vir nasies (*ethnē*) word ook in die Bybel gebruik om na die heidene te verwys. Dit is van hierdie mense wat dissipels gemaak moes word. Hiermee deurbreek die Here die eng Joodse opvatting dat die heil van God net vir Israel bedoel was. Reeds in die Ou Testament is dit belowe dat deur Abraham se geloof al die volke van die aarde seën sou ontvang

*... In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.* – Genesis 12:3 (NLV)

Hierdie opdrag gee uitdrukking aan die realisering van hierdie belofte van God aan Abraham. 'n Waarheid wat deur Paulus aksentueer word in Romeine 4:11

*Dit (die besnydenis) is 'n seël wat bewys dat God hom (Abraham) vrygespreek het omdat hy geglo het toe hy nog onbesnede was. Die doel daarmee was dat hy die vader sou wees van almal wat glo al is hulle nie besny nie – Romeine 4:11*

- **Doop hulle:**

Hierdie is die vertaling van die Griekse woorde *baptizontes autous*. Die woord “doop” (*baptizō*) beteken “indompel”. Hierdie betekenis van die doop word bevestig deur die feit dat die Griekse Ortodokse Kerk by wyse van indompel, of onderdompel, die doop bedien. Hierdie vertaling word ook deur Griekse woordeboeke bevestig.

Daar word deur sommige beweer dat *baptizō* ook op besprinkeling kan dui. Dit word gedoen deur te verwys na die gebeure in Handeling 2:3 waar die doping met die Heilige Gees gepaard gegaan het met tonge van vuur wat verdeel het en op elkeen van hulle gekom het. Hieruit word die afleiding gemaak dat die doping in die Heilige Gees daarop neerkom dat die mense met vuur “besprinkel” was, en daarom kan doop ook besprinkeling beteken.

*Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.- Handeling 2:3 (NLV)*

Die Bybel sê egter nie dat hulle met tonge van vuur gedoop is nie, maar *Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het (ekathisen = gaan sit het)*. Die woord “doop” word nie in verband met hierdie tonge van vuur gebruik nie!

Dit is waar dat Johannes die Doper van ’n vuurdoop praat.

*Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere, en ek is nie eers werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop. – Matteus 3:11*

Die gedagte dat Johannes hier sou verwys het na die tonge van vuur in Handeling 2:3 is vergesog. Johannes het verseker nie die toekomstige Pinkstergebeure beeldend en letterlik probeer beskryf nie. Die *vuur* waarna hy verwys het, dui op loutering. Vuur was in die Bybel gesien as ’n vernietigende en reinigende mag, en dit spreek vanself dat dit hier in figuurlike sin gebruik word. Wat Johannes hier wil sê, is dat die Here op ’n wyse sal doop wat sonde soos ’n vuur sal vernietig en deur die Gees lewe sal gee. Om meer as dit in hierdie woorde te wil lees, is om die teks geweld aan te doen! Buitendien het die tonge van vuur nie weer herhaal in enige van die ander gevalle in die Bybel waar mense in die Heilige Gees gedoop is nie. Beide wind en vuur was inisiële tekens wat saam met die eerste uitstorting van die Heilige Gees gegaan het. Die dissipels is nie gedoop met wind of vuur nie, maar met die Heilige Gees.

Die konteks waarin ’n woord gebruik word is altyd belangrik. Uit die konteks van doopgebeure in die Nuwe Testament blyk dit ook dat onderdompel die gebruik was. Die volgende teksgedeeltes getuig hiervan:

### **Markus 1:9-10**

*... en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop. Net toe Hy uit die water kom (anabainon ek tou hudatos = going up out of the water)*

Waarom sou Jesus in die water wees as slegs ’n paar druppels op sy kop gesprinkel was?

## Johannes 3:23

*Johannes was ook besig om te doop, by Enon naby Salim, omdat (hoti = omrede) daar baie water was. 'n Emmer water sou genoeg wees om baie mense te doop. Johannes laat hulle egter na Enon gaan omdat daar baie water was. Dit maak alleen sin as die doop deur **onderdompeling** geskied het.*

## Handelinge 8:38-39

*Toe het hy die wa laat stilhou. Filippus en die hofdienaar het albei in die water in gegaan, en Filippus het hom gedoop. Toe hulle uit die water kom...*

Dit is onsinnig dat die dooper en die doopkandidaat in die water klim om iemand te besprinkel. Die hofdienaar is onderdompel soos waarop die woord *baptizō* dui.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die “hulle” wat gedoop moet word, spesifiek op dissipels dui. Volgens die Griekse grammatikale konstruksie is “hulle” (*autous*) die manlike meervoudsvorm wat aansluit by “dissipels” wat ook manlike meervoud is. Die “hulle” kan nie dui op die nasies nie omdat “die nasies” die onsydige meervoudsvorm is (ta ethnē) en daarom nie saam met “hulle” gelees kan word nie. Indien “hulle” op nasies gedui het, moes die Griekse woord *auta* gebruik geword het om op “hulle” te dui en nie *autous* soos ons dit in die vers vind nie.

Dit beteken dat diegene wat gedoop moet word, dissipels van die Here moes wees. Sulke dissipels word ook na verwys as gelowiges. Dit gaan dus oor die doop van gelowiges. Hierdie gelowiges kan volwasse mense wees, of kinders wat tot geloof gekom het. Die aksent is daarom nie op volwassedoop of kinderdoop nie, maar op die doop van gelowiges.

### Vrae:

1. Gebruik bietjie tyd om te bespreek wat elkeen uit die bogenoemde leesmateriaal geput het.
2. Wat verstaan jy as gepraat word van die Ou Testament uitsprake wat in die lig van die Nuwe Testament gesien moet word?
3. Het jy Matteus 28:18-19 nog altyd verstaan soos bo verduidelik of is daar iets wat jou siening verander het? Verduidelik.
4. Verstaan jy *baptizontes autous* nou beter? Brei bietjie uit daaroor.

## 2. Oefening van die week

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

So baie mense rondom ons ken nie die Here nie. Maak 'n lys en begin bid vir die mense wat jy ken, wat moet weet dat God hulle liefhet. Hoe kan jy God se liefde met hulle deel?



### 3. Seëngebed

*Hierdie seëngebed kan as die afsluitingsgebed gebruik word.*

Here God, dankie vir die krag van gebed om lewens te verander, om ons geliefdes te beskerm, om te troos en te bemoedig. Dankie vir u magtige hand oor ons. Mag ek nooit die belangrikheid en krag van gebed miskyk nie. Amen.

**30 Julie 2018**

**Les 2**

### ***Besprinkeling en die Suigelingsdoop***

---

#### **A. YSBREKER**

As jy die afgelope week oor kon gehad het, wat sou jy anders doen?

#### **B. AANBIDDING**

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofsang en gebed.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:*  
[https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC\\_IrRgrF3IAjSfwubWSck](https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck)

#### **C. WOORD**

- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes oor “**Waar kom die gebruik van Besprinkeling vandaan?**” asook “**Die Suigelingsdoop,**” voor. Om tyd te spaar, stel ons voor dat dit in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur, en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

#### **1.1 Bespreking – Waar kom die gebruik van Besprinkeling vandaan?**

Ons het reeds daarop gewys dat die Griekse woord vir “doop” (*baptizō*) onderdompeling beteken.

Die vraag is: Waarom het die oorgrote meerderheid van die kerk afgewyk hiervan en met oorgieting en besprinkeling begin as wyse van doop?

Die eerste verwysing in die geskiedenis na ’n ander vorm van doop vind ons in ’n Griekse geskrif, die *Didache*. Dit is ’n geskrif wat uit die tweede eeu n.C. dateer, en waarvan die skrywer onbekend is. In hoofstuk 7:1-3 van die *Didache* staan geskryf:

*Wat betref die doop, so moet gedoop (Grieks: baptizō = onderdompel) word: nadat al hierdie dinge vooraf gesê is, doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, in lopende water, maar as jy nie lopende water het nie, doop in ander water, en as jy dit nie in koue, dan in warm (water), maar as jy nie een of die ander het nie, giet (Grieks: ekcheō = oorgiet) drie keer water op die hoof in die Naam van die Vader en Seun en Heilige Gees.*

Volgens hierdie geskrif is indompeling in die Naam van die Vader en Seun en Heilige Gees die wyse waarop gedoop moet word. Dit is slegs in uitsonderlike gevalle wat die water oor die kop van die persoon gegooi kon word – wanneer daar nie water is om ’n persoon te doop nie. Wanneer verwys word na *oorgiet* word die woord vir doop (*baptizō*) - soos dit ook in die Nuwe Testament gebruik word - nie gebruik nie, maar ’n ander Griekse woord: *ekcheō*. In die Nuwe Testament vind ons uitsluitlik *baptizō* en nooit *ekcheō* in verband met die doop nie. Met ander woorde ons vind ’n afwyking in die *Didache* wat nie in die Bybel voorkom nie. Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat gedurende die tweede eeu n.C. die doop bedien is deur indompeling en dat daar in uitsonderlike gevalle ook water oor ’n persoon se kop gegiet is.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die doop-proses in die *Didaché* as ’n drieledige aksie gesien word. In die Nuwe Testament word daar nie pertinent gesê dat dit drie maal moet gebeur nie. Die rede hiervoor is waarskynlik dat dit nie ’n kwessie was nie, en daarom was dit nie nodig om dit te spesifiseer nie – dit was vanselfsprekend ’n drievoudige handeling. Alhoewel die kerk oorgegaan het na oorgieting en later besprinkeling, het dit deur die kerkgeskiedenis altyd ’n drieledige handeling gebly. Dit word in die *Didache* bevestig deurdat die alternatief voorgehou word as drie maal water op iemand uit te giet. Dit was daarom ongetwyfeld so dat die doop bedien was deur drievoudige onderdompeling. Dit was waarskynlik so gedoen om in die besonder te aksentueer dat God ’n Drie-enige God is en dat die Vader en Heilige Gees met Christus een was in sy sterwe en opstanding. Hierdie aksent word vervlak deur eenvoudige onderdompeling soos dit later die gebruik geword het in sommige Pinkster en Charismatiese groepe.

Presies wanneer daar in die Kerk eerder van oorgieting en nog later besprinkeling gebruik is vir die wyse van doop, is nie heeltemal duidelik nie. Wat ons wel weet, is dat by ’n kerklike vergadering in 1311 (die Raad van Ravenna) ’n wetgewing uitgevaardig is dat onderdompeling en oorgieting ewe goed is, en dat albei hierdie wyses van doop aanvaarbaar is.

Dit is interessant dat met die “Authorized Version” of “King James Version” wat een van die eerste vertalings van die Engelse Bybel in 1611 was (toe besprinkeling reeds gebruiklik was), die vertalers die woord *baptizō* nie vertaal het nie, maar dit verengels het deur dit te vertaal met *baptize* om heel waarskynlik die kerklike gebruik van besprinkeling te akkommodeer!

Ons verkies egter om by die Bybelse wyse van doop te bly. Ons het nie die reg om Bybelse waarhede aan te pas by dit wat ons geriefliker ag nie. Buitendien, die gebruik van doop deur onderdompeling is ryk aan simboliek en betekenis, en gaan met besprinkeling verlore.

## Vrae:

1. Na gelang van bogenoemde, vertel bietjie van jou agtergrond in kerk en die gebruike waarmee jy grootgeword het?
2. Is daar nou vir jou meer duidelikheid waar onderdompeling die gebruik was en besprinkeling en oorgieting heelwaarskynlik vandaan gekom het?

## 1.2 Bespreking – Suigelingsdoop

Die Kerk het nie alleen die wyse van doop verander van onderdompeling na oorgieting en besprinkeling nie, maar ook die gebruik aangeneem om suigelinge as doopkandidate te sien. Hierdie gebruik word egter nie in die tyd van die Nuwe Testament gevind nie.

Die eerste moontlike verwysing na die suigelingsdoop vind ons by die kerkvader Ireneus. Hy was sedert 180 n.C. die biskop van Lyons, en het die doop voorgehou as 'n middel waardeur 'n mens wedergeboorte en die vergifnis van sonde ontvang. In sy geskrif "Teen Dwaallere" boek 11,22 verwys hy daarna dat Jesus as mens al die ouderdomme van die lewe geheilig het, en almal red wat deur Hom wedergebore word, kinders en klein kindertjies, seuns en jeugdiges, en die oues van dae. Of hy werklik die doop in gedagte gehad het toe hy dit geskryf het, is onseker. Maar omdat hy geglo het 'n mens ontvang wedergeboorte by die doop, kon dit moontlik wees dat suigelinge en klein kindertjies in sy tyd gedoop is. Vir die eerste 150 jaar n.C. was daar egter nie enige aanduidings van so iets nie.

Suigelingsdoop kon egter nie 'n algemene praktyk in die vroeëre kerk gewees het nie. Tertulianus (150-223 n.C.), skryf in sy geskrif "De Baptismo": *Hulle (kindertjies) mag Christene word wanneer hulle in staat is om Christus te ken. Waarom sal ons diegene van 'n onskuldige leeftyd haas tot vergifnis van sonde? ... Wanneer 'n mens op die gewigtigheid van die doop let, moet 'n mens versigtig wees om dit te vroeg te bedien en dit eerder uitstel.* Die feit dat hy teen kinderdoop skryf (nog nie suigelinge nie), is 'n bewys dat kinderdoop wel in sy tyd voorgekom het, maar nie deur die kerk in geheel aanvaar was nie.

Uit hierdie geskrifte van die vroeë kerk (daar is ook ander geskrifte in dié verband), moet ons aflei dat die suigelingsdoop ontstaan het toe daar afgewyk is van die Bybelse siening oor hierdie sakrament. Die doop het 'n insigselfwerkende krag geword waardeur 'n mens wedergeboorte ontvang, en daarom moes kinders so gou moontlik gedoop word voordat hulle miskien te sterwe kom.

'n Kind is egter nie salig op grond van die doop nie, maar salig op grond van die kruisdood van Christus, wat vir die hele wêreld gesterwe het en met God versoen het.

*Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en nie die mense se oortredings teen hulle hou nie. Hierdie boodskap van die versoening het Hy aan ons opgedra om te gaan verkondig. (2 Korintiërs 5:19).*

Tot op die ouderdom van toerekenbaarheid, is elke kind outomaties gered op grond van wat Christus vir die mens gedoen het. Daar bestaan nie iets soos 'n kinderhel nie.

*“Laat die kindertjies toe om na My toe te kom. Moenie hulle keer nie. Want God se koninkryk is juis bedoel vir almal wat soos hulle is. (Markus 10:14).*

Die ouderdom van toerekenbaarheid sal van kind tot kind verskil, afhangende van so 'n kind se begrip van God. Die Here sal egter oordeel en dit is nie vir ons om hieroor te spekuleer nie.

### **Vrae:**

1. Deel met die groep wat jou belewenis was terwyl jy tyd spandeer het met die materiaal oor Besprinkeling en Die Suigelingsdoop. Is daar vir jou meer duidelikheid?
2. Lees bietjie weer Tertulianus (150-233 n. C.) se woorde: *Waarom sal ons diegene van 'n onskuldige leeftyd haas tot vergifnis van sonde?*  
In die lig van kinderlike onskuld, dink jy kindertjies van vandag word nog toegelaat om kindertjies te wees? Brei bietjie uit op jou antwoord.

## **2. Oefening van die week**

*Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Gebruik hierdie week om aandagtig deur die lesmateriaal vir die volgende byeenkoms te lees en maak tyd om daarop te reflekteer.

*“He who studies only men, will get the body of knowledge without the soul; and he who studies only books, the soul without the body. He who, to what he sees, adds observation, and to what he reads, reflection, is in the right road to knowledge, provided that in scrutinizing the hearts of others, he neglects not his own.” – Caleb Colton*

## **3. Seëngebed**

*Hierdie seëngebed kan as die afsluitingsgebed gebruik word.*

*Deursoek my, o God, en ken my hart; toets my en ken my onrustige gemoed. Kyk of daar enige sondige neiging by my is, en lei my op die ewige pad. - Psalms 139:23-24(NLV)*

## ***Teologiese begroning van die Doop***

---

### **A. YSBREKER**

Watter boek of fliek het jy onlangs gelees/gekyk wat jy sal aanbeveel? Hoekom?

### **B. AANBIDDING**

*Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofsang en gebed.*

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:*  
[https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC\\_IrRgrF3IAjSfwubWSck](https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck)

### **C. WOORD**

- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes oor “CHRISTUS SE DOOP IN DIE JORDAAN DEUR JOHANNES DIE DOPER” en ook “CHRISTUS SE DOOP AAN DIE KRUIS.” Om tyd te spaar, stel ons voor dat dit in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur, en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

#### **1. Skrifgedeeltes en bespreking:**

Ons het telkemale daarop gewys dat enige Bybelse leerstuk in terme van Christus verstaan moet word – in Hom vind die waarheid van elke leerstuk gestalte. Dit geld ook vir die sakrament van die doop. In die verstaan van die doop, begin ons daarom by die wyse waarop Christus gedoop was, en die betekenis wat Hy daaraan geheg het.

Die Bybel verwys na twee gevalle waar die Here gedoop is, en ons gaan beide gevalle behandel om sodoende duidelikheid te kry oor die sakrament van die doop.

### **CHRISTUS SE DOOP IN DIE JORDAAN DEUR JOHANNES DIE DOPER**

Jesus se bediening het amptelik begin nadat Hy deur Johannes in die Jordaan gedoop is. Die Bybel gee berig oor hierdie gebeure in die volgende tekste:

*Matteus 3:13-16 (NLV) - Op 'n dag het Jesus van Galilea af by die Jordaanrivier aangekom om deur Johannes gedoop te word. Maar Johannes wou Hom keer. “Ú behoort mý tog veel eerder*

te doop,” het hy gesê. “Dit is ongehoord dat U nou na my toe kom!” Maar Jesus het hom geantwoord: “Wag nou! Ons moet God se wil juis op hierdie manier gehoorsaam.” Daarop het Johannes ingestem en Hom gedoop. Ná Jesus se doop het Hy dadelik uit die water geklim. Net daar gaan die hemel toe vir Hom oop, en Hy sien hoe die Gees van God soos ’n duif op Hom afdaal.

Markus 1:9-11 (NLV) - Ongeveer daardie tyd het Jesus van Nasaret in Galilea af gekom en is Hy deur Johannes in die Jordaanrivier gedoop. Dadelik toe Jesus uit die water opstaan, sien Hy hoe die hemel oopgaan en die Heilige Gees soos ’n duif na Hom toe afkom. En ’n stem uit die hemel het gesê: “Jy is my geliefde Seun. Jy is ’n kind so na my hart.”

Lukas 3:21-22 (NLV) - Eendag toe die skares gedoop word, is Jesus self ook gedoop. Terwyl Hy bid, het die hemel oopgegaan, en die Heilige Gees het fisies soos ’n duif op Hom neergedaal. En ’n stem uit die hemel het gesê: “Jy is my geliefde Seun. Jy is ’n kind so na my hart.”

Johannes 1:31-34 (NLV) - Ek was self ook nie daarvan bewus dat dit Hy is nie. Daarom het ek gekom, en doop ek met water om Hom aan Israel voor te stel.” Johannes het ook nog verder getuig: “Ek het duidelik gesien dat die Gees soos ’n duif uit die hemel neerkom en op Hom gaan sit. Ek het regtig nie geweet dat dit Hy was nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: ‘Die Een op wie jy die Gees sien neerdaal en bly sit, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.’ Ek het dit self sien afspeel voor my oë, en daarom getuig ek dat Hy werklik die Seun van God is.”

Na hierdie doop word verwys as “die doop van Johannes”

Handelinge 18:25 (NLV) – Hy het in “Die Pad van die Here” onderrig ontvang en het met brandende geesdrif gepraat en ander noukeurig geleer van Jesus. Hy het egter net die doop van Johannes geken.

Handelinge 19:3 (NLV) - “Met watter doop is julle dan gedoop?” het hy gevra. Hulle het geantwoord: “Met die doop van Johannes.”

Die doop van Johannes is nie dieselfde as die doop van die gelowige soos ons dit vandag ken nie. Die doop van die gelowige is eers na Christus se opstanding ingestel en moes geskied in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Matteus 28:19 (NLV) - Gaan dan, maak al die nasies my dissipels, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Johannes het nog nie die Drie-Eenheid verstaan soos na Christus se opstanding en uitstorting van die Heilige Gees nie. Hy het gedoop in die Naam van God (Jahwe) tot vergifnis van sondes, en nie in die Naam van die Vader, die Seun en Heilige Gees nie (cf. Handelinge 19:2-3)

Die doop van Johannes was daarom deel van die Ou Testament rituele wat saamgehang het met die verskillende wassing van die Ou Testament, wat die simboliese waarde van reiniging gehad het. Sy doop het daarom, net soos ander Ou Testament rituele, heengewys na Christus wat ons sou reinig van ons sondes. So het die belydenis as Ou Testament ritueel, byvoorbeeld ook heengewys op Christus wat uit Israel gebore sou word; die offerandes het heengewys na die eintlike offer Jesus Christus aan die kruis; die Paasfees het heengewys na Christus wat as Lam van God deur sy bloed die volk sou verlos van die slawerny van sonde. Ons volg egter nie meer die gebruik van die belydenis of die voorskrifte van die offerandes en Paasfees nie, omdat Christus gekom het en hierdie dinge vervul het.

Net so doop ons ook nie mense met die doop van Johannes nie, want dit het heengewys na wat Christus sou doen, en Christus het die doop van Johannes vervul deur letterlik (deur sy dood) met ons sondes af te reken.

Paulus stel dit so:

*Paulus sê toe: "Johannes se doop was 'n bevestiging dat 'n mens jou van jou sonde bekeer het tot God. Johannes het self vir die volk gesê hulle moet in Jesus glo, dié Een wat hy gesê het ná hom kom."* - Handeling 19:4.

Om steeds te doop met die doop van Johannes, sou neerkom op 'n belydenis dat Christus nog nie gekom het nie, en dat sy reinigingswerk en bekering nog in die toekoms is. Dit is heel waarskynlik een van die redes waarom Paulus die Efesiërs oorgedoopt het in die Naam van die Here toe hy uitgevind het dat hulle met die doop van Johannes gedoopt is.

*Toe hulle dit hoor, het hulle hulle in die Naam van die Here Jesus laat doop - Handeling 19:5 (NLV).*

Die doop van Johannes was vir Paulus met ander woorde nie dieselfde as die doop van die gelowige nie.

Die vraag is egter: Waarom het die Here hom laat doop? Hy was immers sonder sonde, en reiniging was nie van toepassing op Hom nie.

Die betekenis van Christus se doop in die Jordaan is tweeledig.

- **Eerstens** het Hy hom daardeur vereenselwig met die mens in sy gebroke toestand. Christus was wel sonder sonde, maar Hy het hom vereenselwig met die gedagte dat die mens vir sonde moes sterwe en in 'n nuwe lewe met God moes opstaan soos deur die doop gesimboliseer. Daarom dat Hy vir Johannes wat nie gedink het dit is nodig dat Hy gedoopt word nie, gesê: *Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen* (Matteus 3:15).

Deur te verwys na "ons" spreek van hierdie identifikasie met die gevalle mens en sy behoefte aan reiniging. Met ander woorde, die doopsgebeure het 'n tweeledige boodskap gehad. Eerstens verkondig dit dat die Here inderdaad een met ons geword het, en Homself daarmee vereenselwig het: *Hy het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword* (cf. Filippense 2:7). Tweedens verkondig sy doop dat 'n mens redding nodig het, en dat die Here Hom ook daarmee vereenselwig het.

- **Tweedens** het die Here met die doop van Johannes erken dat die kruisiging en opstanding nodig is. Die doop van Johannes was net die simboliese illustrasie van wat Christus sou doen, dit kon nie werklik die mens se sondes afwas nie. Johannes se doop sou met ander woorde net soos die besnydenis, offerandes en Paasfees, geen betekenis gehad het, as daar nie ook 'n kruisiging gewees het nie. Deur Hom te laat doop, het Christus eintlik vir sy Vader gesê dat Hy hom vereenselwig met die idee dat hy later vir die mensdom se sondes moes sterf. Dit is daarom, hier by die Jordaangebeure wat die Here vir die eerste keer, deur sy doop, vir sy Vader “ja” gesê het vir Golgota. In Getsemane het die Here vir 'n tweede keer “ja” gesê met die woorde: ... *nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil* (Matteus 26:39). Juis omdat die Here deur die doop van Johannes sy bereidheid verklaar het om gekruisig te word, daarom ook die buitengewone reaksie van sy Vader na sy doop (vgl. Matteus 3:16-17).

Die doop van Christus by die Jordaan het dus besondere betekenis gehad, en vertel ons meer van Christus se liefdevolle vereenselwiging met ons, maar ook van sy absolute oorgawe en gehoorsaamheid aan die wil van sy Vader van die begin van sy bediening af: *Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis* (Filippense 2:8).

### **Vraag:**

1. Bespreek wat die volgende vir jou persoonlik beteken:

“Die doop van Christus by die Jordaan het dus besondere betekenis gehad, en vertel ons meer van Christus se liefdevolle vereenselwiging met ons....”

## **CHRISTUS SE DOOP AAN DIE KRUIS**

Die Here self het na die kruisgebeure verwys as sy doop. En dit is na hierdie doop wat Paulus later verwys as hy oor die betekenis van die doop praat. Om hierdie doop te onderskei van die doop van Johannes, verwys ons daarna as “die Christus-doop”.

Die Here praat van hierdie doop.

*Jesus het vir hulle gesê: “Julle besef nie wat julle vra nie. Sien julle kans om die bitter lydensbeker te drink wat Ek binnekort gaan drink? Sien julle kans vir die lydensdoop waarmee Ek gedoop moet word?” – Markus 10:38(NLV)*

Dieselfde gedagte vind ons in Lukas 12

*Daar lê 'n vreeslike doop vir My voor, en Ek is onder 'n swaar las totdat dit volvoer is. – Lukas 12:50 (NLV)*



Albei hierdie verse dui op wat die Here aan die kruis sou doen, en word Jesus se doop genoem. Met ander woorde, die Here se eerste doop aan die begin van sy bediening, die doop van Johannes, was 'n vereenselwiging met die vervalde mensdom en 'n bereidheid om kruis toe te gaan. Die tweede doop aan die einde van sy bediening, aan die kruis, was 'n plaasvervangende doop vir ons sondes en ongeregthede. Ons moes eintlik hierdie tweede doop ondergaan het, ons verdien die doop van die dood, maar Hy is in ons plek met die Christus-doop gedoop.

Die doop wat die Here ondergaan het, beteken dat Hy letterlik onderdompel is in die dood, en letterlik weer opgekom het uit die dood na lewe. Die kruis was Christus se "doopbad"! Die Here is daarom die enigste Een wat werklik met die Christus-doop gedoop is. Ons kan ons in die geloof daarmee vereenselwig, maar net Hy kon met hierdie doop, in die ware sin van die woord, gedoop word.

## 2. Oefening van die week

*Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Lees die materiaal vir volgende week "**Die Doop van die Gelowige en die Christus-Doop**" aandagtig deur. Staan ook bietjie stil hierdie week by Romeine 6:3-5 en wat dit vir jou beteken.

*Of het julle vergeet dat ons met ons doop een geword het met Christus Jesus en so saam met Hom gesterf het? Deur die doop is ons saam met Hom begrawe as mense wat deel in sy dood. En nou kan ons, net soos Christus wat deur 'n heerlike magsdaad van die Vader opgewek is, ook 'n totaal nuwe lewe leef. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons ook saam met Hom opgewek word tot 'n nuwe lewe. – Romeine 6:3-5 (NLV)*

## 3. Seëngebed

*Hierdie seëngebed kan in die afsluitingsgebed ingesluit word.*

*Psalms 115:1 (NLV)*

*Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie,  
maar aan u Naam kom toe die eer op grond van u liefde en u trou.  
(Herhaal)*

*Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie,  
maar aan u Naam kom toe die eer op grond van u liefde en u trou. Amen*

## ***Die Doop van die Gelowige en die Christus-Doop***

---

### **A. YSBREKER**

Wat is die moeilikste ding wat jy al ooit gedoen het?

### **B. AANBIDDING**

*Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofsang en gebed.*

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:  
[https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC\\_IrRgrF3IAjSfwubWSck](https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck)*

### **C. WOORD**

- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes oor “**DIE DOOP VAN DIE GELOWIGE EN DIE CHRISTUS-DOOP**” voor. Om tyd te spaar, stel ons voor dat dit in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur, en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

### **1. Skrifgedeeltes en bespreking**

#### **DIE DOOP VAN DIE GELOWIGE EN DIE CHRISTUS-DOOP**

Die doop van die gelowige soos ingestel deur die Here in Matteus 28:19 is ’n heenwyse na die Christus doop wat die Here aan die kruis gehad het. Daarom is dit ingestel na die kruisiging en nie daarvóór nie. Die doop van die gelowige kan ook die Christus-doop genoem word, juis omdat dit nou daaraan verbind word, alhoewel ons nie moet vergeet dat dit ’n heenwysing is na wat in die eintlike Christus-doop aan die kruis gebeur het nie.

Paulus bevestig hierdie baie noue verbintenis van die doop van die gelowige en die Christus-doop aan die kruis met mekaar as hy in Romeine 6 skryf:

*Of het julle vergeet dat ons met ons doop een geword het met Christus Jesus en so saam met Hom gesterf het? Deur die doop is ons saam met Hom begrawe as mense wat deel in sy dood.*

*En nou kan ons, net soos Christus wat deur 'n heerlike magsdaad van die Vader opgewek is, ook 'n totaal nuwe lewe leef. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons ook saam met Hom opgewek word tot 'n nuwe lewe. – Romeine 6:3-5 (NLV)*

Die doop van Johannes het heengewys na wat Christus sou doen, terwyl die doop van die gelowige terugwys na wat Christus reeds gedoen het.

Die doop van Johannes spreek van 'n hoop dat die Messias sou kom en met die mens se sondes afreken. Die doop van die gelowige spreek van 'n erkenning dat die Messias, Christus, inderdaad gekom het, en klaar met ons sondes afgereken het.

In die tyd van die Nuwe Testament is daar dus net een doop, die doop van die gelowige. Die doop van Johannes is vervul soos ons reeds aangedui het.

Efesiërs 4:5 sê: *Daar is net één Here, één geloof, één doop.*

Wanneer die gelowige in die water afgedruk word, bely hy/sy daarmee, dat hy/sy saam met Christus gesterf het. En wanneer die gelowige uit die water opkom, bely hy/sy dat hy/sy saam met Christus opgestaan het in 'n nuwe lewe. So 'n belydenis kan slegs deur 'n gelowige afgelê word, en daarom word gepraat van die doop van die gelowige.

Die Bybel bevestig dat 'n mens eers tot geloof moet kom alvorens hy/sy gedoop kan word:

- Ons het reeds op Matteus 28:19 gewys wat verklaar dat dissipels gedoop moet word, met ander woorde, gelowiges.

*Gaan dan, maak al die nasies my dissipels, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. – Matteus 28:19 (NLV)*

- In Handeling 2:38 wys Petrus daarop dat die mense eers hul moet bekeer, dit is tot geloof kom, alvorens hulle gedoop kan word:

*Petrus antwoord hulle: “Kom tot inkeer en maak reg met God. Laat julle in die Naam van Jesus Christus doop sodat julle sondes vergewe kan word, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang. – Handeling 2:38 (NLV)*

- Aangaande Filippus se bediening in Samaria lees ons:

*Nou het die mense egter Filippus se Goeie Nuus oor die koningsheerskappy van God en die Naam van Jesus Christus in die geloof aanvaar. Gevolglik is baie mans en vroue gedoop. Handeling 8:12 (NLV)*

Die argument word soms gebruik dat die tekste wat daarop dui dat geloof die doop moet voorafgaan, gerig is op die sending-situasie. Met ander woorde, ongelowiges moet eers tot geloof kom voor hulle gedoop mag word, maar kinders uit gelowige ouers is verbondskinders

en kan daarom gedoop word. As dit waar is, sou 'n mens verwag dat daar in die Nuwe Testament tydvlak ook voorbeelde sou wees van kinders van gelowige ouers wat gedoop is. Daar is egter geen sulke voorbeelde nie. Dit is ook nie waar dat kinders uit gelowige ouers verbondskinders is nie. Aan alle kinders behoort die koninkryk van God, ongeag die ouers se geloofstand.

*Ouers het hulle kindertjies na Jesus toe gebring sodat Hy hulle kon aanraak en seën, maar sy dissipels het hulle daarvoor aangespreek.*

*Toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het vir hulle gesê: “Laat die kindertjies toe om na My toe te kom. Moenie hulle keer nie. Want God se koninkryk is juis bedoel vir almal wat soos hulle is. Ek verseker julle, wie God se koninkryk nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal beslis nie daar ingaan nie.” Toe het Hy sy arms om die kindertjies gesit, sy hande op hulle koppe gelê en hulle geseën. – Markus 10:13-16 (NLV)*

Dit is buitendien nie verbondskinders wat gedoop moet word nie (dit staan nêrens in die Bybel nie), maar gelowiges.

Selfs waar die Bybel melding maak van huisgesinne wat gedoop is, word geloof steeds voorveronderstel. Dit verwys nie na suigelingsdoop nie. Telkens wys die konteks daarop dat suigelinge nie ter sprake is nie.

### **Vraag:**

1. Kan jy sien watter rol geloof speel in die volgende tekste en hoe spreek dit tot jou?

- Kornelius en sy huisgesin is gedoop.

*Toe het hy beveel dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop word. Daarna het hulle hom gevra om 'n paar dae daar te bly. – Handeling 10:48 (NLV)*

- In Handeling 10:2 word van dié gesin gesê:

*Hy was godsdienstig en godvresend, hy en sy hele huisgesin. Hy het baie gedoen om die armes onder die Joodse volk te help en het gereeld tot God gebid.– Handeling 10:2 (AFR83)*  
(“godsdienstig” en “godvresend” kan nie aan suigelinge gekoppel word nie).

- Lidia wat met pers wolmateriaal handel gedrywe het, is nadat sy Paulus se woorde oor die evangelie geglo het, met haar huisgesin gedoop.

*Sy en haar huisgesin is toe gedoop. Daarna het sy ons uitgenooi en gesê: “Aangesien julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom gaan by my tuis.”*  
*En sy het ons oorreed om dit te doen. – Handeling 16:15 (AFR83)*

Dit is onseker of Lidia getroud was, en die vers kan net so goed vertaal word met: *sy en haar huisgenote (ho oikos autys)*. Die feit dat sy hulle genooi het om by haar tuis te gaan (Handeling 16:15) sonder om die man van die huis te raadpleeg, dui verder daarop dat sy heel waarskynlik

ongetroud was. In die Bybel word die huisgesin aangedui deur die man, indien daar 'n man is (Handelinge 10:1-2 / 1 Korintiërs 1:16 / ens.). Lidia en haar huis dui dus op mense wat in staat was om te glo.

- Van die tronkbewaarder in Handelinge 16 lees ons dat hy en al sy mense gedoop is.

*Op daardie uur van die nag het hy vir Paulus en Silas geneem en hulle wonde gewas. Hy en al sy mense is daar en dan gedoop – Handelinge 16:33(AFR83)*

Ook lees ons van hierdie tronkbewaarder:

*Hulle (Paulus en Silas) het toe die woord van die Here aan hom en al die mense in sy huis verkondig – Handelinge 16:32(AFR83)*

Verder lees ons ook:

*Hy en sy hele huisgesin was vol blydschap omdat hulle nou in God geglo het. – Handelinge 16:34 (AFR83).*

Dit is nie van toepassing op suigeling nie.

- Van Krispus lees ons:

*Krispus, die hoof van die sinagoge, en sy hele huisgesin het tot geloof in die Here gekom. Ook baie ander mense in Korinte wat die boodskap gehoor het, het gelowig geword en is gedoop. - Handelinge 18:8 (AFR83)*

Krispus se hele huisgesin het tot geloof gekom. Suigeling kan nie tot geloof kom nie.

- Paulus sê dat hy die huisgesin van Stefanus gedoop het

*O ja, ek het ook nog die huisgesin van Stefanus gedoop. – 1 Korintiërs 1:16 (NLV).*

Aangaande hierdie huisgesin skryf hy: *Julle weet van Stefanus en sy huisgesin, wat die eerste bekeerlinge in Agaje was, dat hulle hulle tot diens van die gelowiges gestel het. - 1 Korintiërs 16:15 (AFR83).*

Om hulle tot diens van die gelowiges te stel, veronderstel mense wat tot geloof gekom het.

## **Die Rooms Katolieke Kerk**

Dit is interessant om daarop te wys dat die Rooms Katolieke Kerk ook sterk daarop staan (vanuit die Skrif) dat geloof die doopsgebeure moet voorafgaan. Tog het hierdie kerk die gebruik om suigeling te doop wat vanselfsprekend nie tot geloof kon kom nie! Die argument wat gevolg word, is dat die Bybel ons leer dat gelowiges namens ander kan glo. So kan 'n mens byvoorbeeld

namens 'n sieke glo om gesond te word, of 'n dooie om lewendig te word, of 'n mens met probleme, dat die Here hom/haar sal help. So glo die gemeente namens die suigeling vir wat met hom/haar in die doop gebeur, en daarom kan suigelinge gedoop word.

By die doop gaan dit vir die Rooms Katolieke Kerk om die vergifnis van sonde en die gepaardgaande wedergeboorte (ex opere operato). Die gemeente moet dus namens die suigeling glo vir die vergifnis van sonde (erfsonde). Dit word gedoen op grond van Matteus 9:2 waar die verlamde man wat deur die dak gesak is deur sy vriende voor Jesus gebring word: *En toe Jesus hulle* (die manne wat hom deur die dak laat sak het) **geloof sien, sê Hy vir die verlamde man: "Seun hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe."** Iets soortgelyk word in Jakobus 5:15 gevind: *En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.*

Dit is waar dat gelowiges namens ander kan glo vir hulp, genesing of vergifnis van sonde in die geval van siekte, maar die Bybel is duidelik daarvoor dat 'n mens nie namens 'n ander kan glo om tot geloof of bekering te kom nie. Dit gaan ook nie net om vergifnis van 'n bepaalde sonde nie, maar ook om die Here aan te neem as Saligmaker. In die bogenoemde verwysings na Matteus 9:2 en Jakobus 5:15, gaan dit nie om sonde vergifnis in die algemeen nie, maar sonde wat gekoppel word aan siekte toestande.

By die kruisgebeure vind ons dat die Here tot sy Vader bid dat Hy dié wat Hom gekruisig het sal vergewe omdat hulle nie weet wat hulle doen nie

*Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" Hulle het sy klere verdeel deur te loot. – Lukas 23:34 (AFR83).*

Dit het egter nie beteken dat dié wat Hom gekruisig het nou tot bekering gekom het en doopskandidate geword het nie. Om tot geloof of bekering te kom, veronderstel 'n lewende verhouding met God deur Jesus Christus, en vereis geloof van die betrokke persoon self.

### **Vraag:**

1. Om tot geloof of bekering te kom, veronderstel 'n lewende verhouding met God deur Jesus Christus. Vergelyk onder andere ook die volgende en bespreek onder mekaar: Markus 16:16; Handeling 2:21; Handeling 16:31; Romeine 10:9,13; Hebreërs 7:25

In Gereformeerde kringe word die standpunt gehandhaaf dat die doop soos deur die Here ingestel, in die plek van die besnydenis van die Ou Testament gekom het. Soos 'n kind besny moes word as teken van God se ooreenkoms (verbond) met Israel dat uit hulle die Messias gebore sou word, so word 'n kind gedoop as teken dat die kind aan die nuwe ooreenkoms (nuwe verbond) behoort waar die Messias inderdaad gekom het.

Die Skrifgedeelte wat gewoonlik aangehaal word om hierdie teologie te ondersteun is Kolossense 2:11-12

*Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis van Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is, deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. – Kolossense 2:11-12(AFR83)*

Die standpunt dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het, en die kinders van gelowige ouers daarom gedoop kan word, is die Gereformeerde begroning van die kinderdoop, maar dit is nie 'n Bybelse standpunt nie. In die eerste instansie is net seuntjies besny, terwyl die doop vir albei geslagte bedoel is. Ons het ook reeds daarop gewys dat die doop aan gelowiges bedien moet word – 'n suigeling het nog nie tot geloof gekom nie.

Verder is dit so dat daar geen Skriftuurlike grondslag vir die standpunt is nie. Kolossense 2:11-12 sê nie dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het nie. Dit praat nie eers van die besnydenis van die vlees nie (Genesis 17), maar van die *besnydenis wat nie deur mense verrig word nie*. Hierdie besnydenis, sê die vers, *bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens* en word die *besnydenis van Christus* genoem. Dit gaan nie hier om die uiterlike besnydenis van die vlees nie, maar die innerlike besnydenis van Christus.

*Nie hy is 'n Jood wat dit uiterlik is nie, en nie dit is besnedenheid wat uiterlik aan die liggaam gedoen is nie. Nee, hy is 'n Jood wat dit innerlik is, en dit is besnedenheid wat in die hart gedoen is deur die Gees, nie volgens die wetsvoorskrifte nie. So iemand ontvang lof, nie van mense nie, maar van God. – Romeine 2:28-29(AFR83)*

Dit is die besnydenis van die hart wat *bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens* waarvan in Kolossense 2:11 gepraat word. Dit is hierdie besnydenis wat die volgende vers aan die doop verbind. Die aflegging van die sondige natuur van die mens deur die besnydenis van Christus, bestaan daarin dat so 'n persoon saam met Christus sal sterwe en opstaan in 'n nuwe lewe met Hom. Hierdie sterwe en opstanding word deur die doop uitgebeeld. Dit is dus nie die vleeslike besnydenis wat aan die doop gekoppel word nie, maar die besnydenis van Christus (of van die hart). Dit bevestig verder dat die doop aan gelowiges bedien moet word – hulle wat in hulle harte besny is met die besnydenis van Christus.

Daar moet ook op gelet word dat wanneer Paulus in hierdie gedeelte (Kolossense 2:11-12) oor die doop praat, hy daarop wys dat hierdie dopelinge “saam met Hom (Christus) begrawe is”, gebonde aan Hom is, “saam met Hom opgewek” is, en mense is “wat geglo het aan die krag van God”. Sulke mense is nie suigelinge nie, maar gelowiges wat die evangelie verstaan het, en die boodskap hulle eie gemaak het.

Dit is buitendien baie vreemd om die doop aan die verbond van die besnydenis te verbind – daar is geen skriftuurlike begroning vir so iets nie. Die Bybel verbind die doop direk aan redding en die kruisgebeure!

*Of het julle vergeet dat ons met ons doop een geword het met Christus Jesus en so saam met Hom gesterf het? Deur die doop is ons saam met Hom begrawe as mense wat deel in sy dood. En nou kan ons, net soos Christus wat deur 'n heerlike magsdaad van die Vader opgewek is, ook 'n totaal nuwe lewe leef. Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons ook saam met Hom opgewek word tot 'n nuwe lewe. – Romeine 6:3-5 (NLV)*

Die konklusie is dat daar geen Skrif is om op enige wyse die doop van kinders of suigeling te regverdig nie. Dit is daarom onaanvaarbaar en moet as onskriftuurlik afgewys word.

### **Vraag:**

1. Deel met mekaar wat hierdie gedeelte vir jou beteken het. Het dit iets vir jou meer duidelik gemaak of is daar nog onduidelikheid?

## **2. Oefening van die week**

*Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Ter voorbereiding vir die volgende byeenkoms, lees die materiaal **“BYBELSE KONTEKS VAN DIE DOOP”** aandagtig deur.

## **3. Seëngebed**

*Hierdie kan in die afsluitingsgebed ingesluit word.*

*Psalms 121 (AFR83)*

*Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom?*

*My hulp kom van die Here*

*wat hemel en aarde gemaak het.*

*Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie;*

*Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.*

*Waarlik, die Beskermmer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie.*

*Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare.*

*Bedags sal die son jou nie steek nie*

*en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie.*

*Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar,*

*jou lewe sal Hy beskerm.*

*Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan,*

*nou en vir altyd.*



## Bybelse konteks van die Doop

---

### A. YSBREKER

Wat is die vreemdste ding wat jy al ooit geeë het?

### B. AANBIDDING

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofsang en gebed.

- Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:  
[https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC\\_IrRgrF3IAjSfwubWSck](https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck)

### C. WOORD

- Lees die bespreking en Skrifgedeeltes oor **“BYBELSE KONTEKS VAN DIE DOOP”** voor. Om tyd te spaar, stel ons voor dat dit in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur, en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.
- Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.

#### 1. Skrifgedeeltes en bespreking

### BYBELSE KONTEKS VAN DIE DOOP

Om die Bybelse konteks waarin die doop voorgehou word te kan verstaan, is dit nodig om meer indringend na die Griekse woord vir doop te kyk. Die Griekse werkwoord is *baptizō* en die selfstandige naamwoord is *baptisma*. Hierdie woord word in die Griekse literatuur op verskeie wyses gebruik, soos byvoorbeeld:

- Om ‘n kledingstuk te kleur met kleurstof deur dit in die kleurstof te doop (*baptizō*). Dit is ‘n doopproses wat veronderstel dat elke stukkie vesel van die kledingstuk die kwaliteit van die kleur opneem en sodoende die aard daarvan vir altyd verander. Die effek van die doopproses is duidelik sigbaar (Dieselfde gedagte word geaksentueer as ‘n spons in water gedoop word. Elke faset van die spons word deur die water opgeneem).
- Die Septuaginta (Griekse vertaling van die Ou Testament tydens die derde eeu vC) verwys na Naäman wat melaats was en in opdrag van Elisa ... *sewe maal in die Jordaan*

*ondergeduik/gebad* (baptizō) *het ...* (2 Konings 5:14). Hier kry die doop benewens die betekenis van “indompel” ook die gedagte van “reiniging” by.

- In die Nuwe Testament word beide “indompel” en “reiniging” in verband met doop gebring ( Handeling 22:16; Titus 3:5).

Die apostel Petrus beskryf die basiese en fundamentele gebeurtenisse wat in direkte verband staan met die gelowige se lewe in Christus. Dit het hy gegee nadat hy in die Heilige Gees gedoop is in reaksie op die mense se vraag: “Wat moet ons doen, broers (om gered te word)?”

*Petrus antwoord hulle: “Kom tot inkeer en maak reg met God. Laat julle in die Naam van Jesus Christus doop sodat julle sondes vergewe kan word, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang”. – Handeling 2:38 (NLV)*

Ook Filippus wat die evangelie in Samaria verkondig het, volg dieselfde orde:

*Nou het die mense egter Filippus se Goeie Nuus oor die koningsheerskappy van God en die Naam van Jesus Christus in die geloof aanvaar. Gevolglik is baie mans en vroue gedoop. Selfs Simon het gelowig geword, en is gedoop. Hy het Filippus oral begin vergesel, en hy was verstom oor die wondertekens en groot kragte wat hy sien gebeur het.*

*Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die boodskap van God aanvaar het, het hulle Petrus en Johannes daarheen afgevaardig. Toe hulle daar aankom, het hulle vir die nuwe gelowiges gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang. Want die Heilige Gees het immers nog nie op een van hulle gekom nie, want hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop. – Handeling 8:12-16 (NLV)*

Hierdie volgorde is ook sigbaar in Paulus se bekering. Nadat hy tot bekering gekom het, is hy gedoop en daarna is hy in die Heilige Gees gedoop (Handeling 9:1-19)

Nadat die mense in Efese to bekering gekom het, lees ons:

*Toe hulle dit hoor, het hulle hulle in die Naam van die Here Jesus laat doop. Toe Paulus sy hande op hulle sit, het die Heilige Gees op hulle gekom en hulle het in ander tale gepraat en geprofeteer. – Handeling 19:5-6 (NLV)*

In al die bogenoemde gevalle is die drie gebeurtenisse wat op mekaar volg: **bekering, waterdoop en doop in die Heilige Gees**. Dit is interessant dat die Bybel hierdie drie gebeurtenisse beskryf in terme van “doop”, en daarom kan die betekenis van die woord “doop” aan aldrie gekoppel word. Verder is dit belangrik om daarop te let dat bekering, waterdoop en doop in die Heilige Gees aan die begin van die gelowige se Christelike lewe realiseer. Die persoon wat tot geloof gekom het, is so gou moontlik in water gedoop en daarna is gebid vir die doping in die Heilige Gees.

Hierdie drie gebeurtenisse vorm die breër konteks waarin die waterdoop inpas. Daar is 'n geestelike eenheid en kontinuïteit by die drie doper wat die fundamentele begroning vorm vir die Christelike lewe. Dit is drie gebeurtenisse, maar hulle vorm 'n integrale eenheid wat spreek van God se werk van verlossing in Jesus Christus. In die vroeë kerk is nooit aan een van hierdie gebeurtenisse gedink sonder die ander twee nie.

- **Bekering (gedoop in die liggaam van Christus)**

Bekering word deur Paulus beskryf as 'n doop in die liggaam van Christus.

*Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk. 1 Korintiërs 12:13 (AFR83)*

In Galasiërs 3 praat Paulus van gelowiges wat in Christus gedoop is.

*Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God, want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword. – Galasiërs 3:26-27 (AFR83)*

Laasgenoemde vers kan moontlik op die waterdoop wys, maar die konteks gaan oor “kind van God te word en met Christus bekleed te word”. Daar is dus goeie rede om te vermoed dat Paulus hier op doop wys in die sin van bekering (deel word van die liggaam van die Here).

Om gedoop te word in die liggaam van die Here beteken dat die kandidaat van die doop die nuwe bekeerling is, die doper die Heilige Gees is, en die middel waarin gedoop word die liggaam van Christus is.

Dit is 'n gebeurtenis waarin die kandidaat deur die Heilige Gees in 'n nuwe milieu (die liggaam van die Here) gedoop word; 'n milieu waarin sy hele bestaan deurwek word met Goddelike lewe en liefde. Dit is 'n gebeurtenis wat die diepste aard van sy mens-wees binnedring en hom vir altyd sigbaar verander as 'n gereinigde, nuwe mens in die Here. So 'n mens word hierna in water gedoop.

- **Waterdoop**

Met die waterdoop (die doop van die gelowige) is die kandidaat die nuwe bekeerling; die doper is 'n bevoegde gelowige, en die middel waarin gedoop word is water. Dit is 'n sigbare afbeelding van die nuwe bekeerling se sterwe, opstanding en reiniging in Christus. Dit is 'n teken wat wys op die bekeerling se nuwe posisie in Christus en 'n belydenis dat hy deur die Heilige Gees deel geword het van die liggaam van die Here, met ander woorde soos 'n rank in die wynstok ingeënt is (Johannes 15). Dit is 'n middel waardeur hy uitdrukking gee aan sy geloof in God en vereenselwiging met dit wat Christus vir hom gedoen het – hy is deurdronge (gedoop) met die realiteit van Christus se sterwe en opstanding. Dit is 'n mens wat ontvanklik is vir die doping in die Heilige Gees.

- **Doop in die Heilige Gees**

Met doop in die Heilige Gees is die kandidaat die persoon wat tot geloof gekom het en die doop van die gelowige ondergaan het; die dooper is Jesus Christus.

*Ek het julle wel met water gedoop maar Hy (Jesus) sal julle doop met die Heilige Gees. – Markus 1:8 (AFR83)*

Die een waarin gedoop word is die Heilige Gees. Dit is die algemene volgorde van gebeurtenisse, soos reeds genoem, deur die Bybel voorgelê. God kan egter die laaste twee gebeurtenisse omruil soos in die geval van Kornelius wat eers in die Heilige Gees gedoop is en daarna in water (Handelinge 10:44-48).

Met bekering of wedergeboorte ontvang die gelowige die Drie-enige God in sy lewe – Vader, Seun en Heilige Gees. Dit is onmoontlik om Christus as jou Saligmaker aan te neem, sonder die Vader en die Heilige Gees. God werk altyd as 'n Drie-enige God – ons aanbid nie drie afsonderlike Gode nie. 'n Mens kan nie een van die drie Persone van die Godheid in jou lewe hê sonder die ander twee Persone nie. Dit beteken dat 'n persoon wat tot bekering gekom het, ook die Heilige Gees ontvang het, maar nog nie in die sin van doping in die Heilige Gees nie.

Soos reeds aangetoon is die doping in die Heilige Gees 'n gebeurtenis wat na wedergeboorte, en gewoonlik ook na die waterdoop in 'n persoon se lewe plaasvind. Dit is 'n gebeurtenis waarin Christus 'n gelowige in 'n meer intense wyse as met wedergeboorte aan die Heilige Gees verbind. Hierdie verbintenis aan die Heilige Gees word in die Bybel beskryf as 'n doopsgebeurtenis. Soos 'n spons wat in water gedruk word, of soos 'n kledingstuk wat gekleur word sodat elke veseltjie van die kledingstuk die kleurstof opneem om vir altyd die kwaliteit daarvan te verander, word 'n persoon deur Christus in die Heilige Gees gedoop om elke faset van sy lewe onder die beheer en kontrole van die Heilige Gees te bring sodat Christus in so 'n persoon se lewe verheerlik kan word.

Dit is so 'n intense gebeurtenis dat die gelowige spontaan God begin aanbid. In al die Bybelse gevalle was die aanbidding in vreemde tale, en selfs bekende tale wat vir die persoon wat gedoop word in die Heilige Gees onbekend was, soos die dag met Pinkster in Handelinge 2. Die rede waarom gelowiges in tale begin aanbid, is heel waarskynlik omdat die persoon se eie taalvernuf oor die algemeen te kort skiet om werklik uitdrukking te gee aan dit wat met hom gebeur het.

Hierdie intense verbintenis of doping in die Heilige Gees word ook in die Bybel beskryf as 'n aandoening van krag in 'n gelowige se lewe (Handelinge 1:8). Dit is die krag van die Heilige Gees wat die gelowige in staat stel om in 'n baie donker en goddelose wêreld die Christelike lewe te handhaaf en 'n getuie van Jesus Christus te wees.

## **Vrae:**

1. Bespreek onder mekaar wat hierdie konteks vir jou beteken het.
2. Miskien het jy 'n ander siening gehad oor Bekering, Waterdoop en Doop in die Heilige Gees. Indien wel, bespreek watter waarheid vir jou oopgebreek is en jy nou beter verstaan?
3. As jy alles in gedagte hou wat jy tot nou toe geleer en bespreek het, is dit vir jou maklik of moeilik om te verstaan hoe sekere beginsels in die Bybel, soos Die Doop van die Gelowige en Suigelingsdoop, in vandag se tyd so maklik misinterpreteer word? Hoekom?

## **2. Oefening van die week**

*Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Ter voorbereiding vir die volgende byeenkoms en laaste met betrekking tot hierdie reeks, lees die materiaal **“WAAROM MOET GELOWIGES GEDOOP WORD?”** aandagtig deur.

## **3. Seëngebed**

*Hierdie kan in die afsluitingsgebed ingesluit word.*

*Psalm 131*

*My hart is nie hoogmoedig nie,*

*Here;*

*en my oë is nie trots nie.*

*Ek bemoei my nie*

*met wat vir my te groot*

*of te moeilik is nie.*

*Maar ek het kalmte en rus gekry,*

*soos 'n kindjie by sy moeder rus,*

*so is my gemoed.*

*Israel, hoop op die Here,*

*nou en vir altyd.*

*Amen*

## Waarom moet gelowiges gedoop word?

---

### A. YSBREKER

Is jy al gedoop as gelowige? Indien wel, vertel van jou ervaring.

### B. AANBIDDING

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofsang en gebed.

- Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:  
[https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC\\_IrRgrF3IAjSfwubWSck](https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck)

### C. WOORD

- Lees die bespreking en Skrifgedeeltes oor **“WAAROM MOET GELOWIGES GEDOOP WORD”** voor. Om tyd te spaar, stel ons voor dat dit in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur, en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.
- Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.

#### 1. Skrifgedeeltes en bespreking

### WAAROM MOET GELOWIGES GEDOOP WORD?

Hierdie vraag word deur baie welmenende Christene gevra. Indien die doop as sodanig ’n mens nie kan red nie, waarom dan gedoop word? Die volgende beginsels moet in dié verband in ag geneem word:

- **God het dit beveel**

Dit is nie nodig dat ’n mens ’n spesiale openbaring moet ontvang om te weet of hy/sy gedoop moet word nie. As God iets beveel, verwag Hy gehoorsaamheid. Dit is ’n bevel wat duidelik in die Bybel na ons kom (Matteus 28:19), en nie verdere openbaring vra nie.

*Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld. – Matteus 28:19-20 (AFR83)*

Dit is byvoorbeeld nie nodig dat daar 'n verdere openbaring moet kom voordat 'n gelowige gehoorsaam is om sout en lig vir die wêreld te wees nie – ook nie of 'n mens mag steel, doodslaan of owerspel pleeg nie. God se bevele is 'n uitdrukking van Sy wil, en ongehoorsaamheid aan Sy wil is sonde. Om God lief te hê is om sy wil te doen en aan sy geboorte gehoorsaam te wees.

*Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.” – Johannes 14:21*

Hierdie teks wys verder daarop dat daar 'n direkte verband tussen gehoorsaamheid en die openbaring van God in die gelowige se lewe is. 'n Mens kan nie ongehoorsaam aan God wees en dan sy self-openbaring in jou lewe verwag nie.

- **Christus is gedoop**

Ons het daarop gewys dat Christus letterlik in die dood in gedoop is, en weer letterlik daaruit opgestaan het. Hierin vereenselwig ons ons met Christus deur die waterdoop. Paulus skryf in 1 Korintiërs 1:9 *God is getrou, Hy wat julle geroep het om **verenig te lewe** met sy Seun, Christus Jesus, ons Here.*

God het ons geroep om verenig met Christus te lewe – ook wat sy doop betref. Die doop is 'n gebeurtenis waarin die gelowige op 'n besondere wyse in geloofsvereniging met Christus se kruisiging en opstanding tree.

- **Die doop is 'n besondere geloofsbelydenis**

Die belydenis wat 'n persoon deur die doop aflê, raak die kern van Christenskap. Deur die doop word openlik bely dat die gelowige buite die liggaam van die Here was, maar nou deel daarvan geword het deur in die geloof hom/haar te vereenselwig met Christus se dood en opstanding.

*Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei. – Romeine 6:4 (AFR83)*

Dit is 'n belydenis wat met 'n huweliksbevestiging vergelyk kan word. Die dag met die huwelik bely die paartjie openlik dat hulle mekaar in liefde gekies het en getrou aan mekaar sal wees. So bely die doopskandidaat openlik dat hy/sy nie meer aan die wêreld behoort nie, maar Christus in liefde as bruidegom gekies het. Iemand wat nie bereid is om deur die huweliksbevestiging te gaan nie, het nie werklik die ander een gekies nie (dit is net 'n saambly verhouding) – dit geld ook vir die doop. Die woorde van die Here in Lukas 9 is hier van belang: *Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom, beklee met sy heerlikheid en die heerlikheid van die Vader en van die heilige engele. – Lukas 9:26 (AFR83)*

- **Die doop sluit seën in**

Daar is talle voorbeelde in die Bybel van mense wat aan God gehoorsaam was (al het dit nie eers altyd sin gemaak nie), en as gevolg daarvan die seën of guns van die Here ervaar het. Dit was eers toe Naäman gehoorsaam aan die Here was en hom sewemaal in die Jordaan gaan was het, wat hy gesond geword het

*Elisa het 'n boodskap na hom toe gestuur: "Gaan was jou sewe maal in die Jordaan, dan sal jy gesond word en rein wees." – 2 Konings 5:10(AFR83)*

Dit was ook eers toe die blinde die klei van sy oë gaan afwas het in die bad van Siloam, soos die Here hom beveel het om te doen, wat hy weer kon sien.

*Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë en sê vir hom: "Gaan was jou in die Siloambad." Siloam beteken die een wat gestuur is. Hy het gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien. – Johannes 9:6-7(AFR83)*

Die Here betoon guns aan dié wat aan Hom gehoorsaam is.

- **Gehoorsaamheid is vir die Here baie belangrik**

'n Voorbeeldige lewe, of ywer vir die Here, kan nie gehoorsaamheid vervang nie. Saul het opdrag ontvang om die Amalekiete met die banvloek te tref. Hy het egter die koning Agag gespaar en so ook van die beste kleinvee en beeste. Hy het gemeen om dit saam te vat en aan die Here te offer.

*Maar Samuel antwoord: "Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme. – 1 Samuel 15:22 (AFR83)*

Die Here het vir Samuel in dié verband gesê:

*Toe het die woord van die Here tot Samuel gekom: "Ek is bedroef daaroor dat Ek vir Saul koning gemaak het, want hy het van My af weggedraai en nie my opdragte uitgevoer nie." – 1 Samuel 15:10-11(AFR83)*

Hiermee word nie gesê dat as 'n persoon weier om gedoop te word en ongehoorsaam aan God is, so 'n persoon noodwendig verlore sal gaan nie. Daar is egter geen waarborg dat ongehoorsaamheid in die hiernamaals oorgesien sal word nie. Hoe die Here sal oordeel is nie vir ons om te sê nie. Die vermoede is dat dit heel waarskynlik so 'n persoon se loon sal beïnvloed.

*"Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie*



*verniet nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie. Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.” – Matteus 6:19-21 (AFR83)*

### **Ter afsluiting:**

Die sakrament van die doop is 'n integrale deel van die saligheidsplan van God in Jesus Christus. Dit is 'n besondere geskenk van die Here aan die kerk om die gelowige se vereenselwiging en posisie in Christus te versterk, en dit openlik te bely. Elke doopplegtigheid wat deur ander gelowiges bygewoon word, is ook vir hierdie gelowiges weer 'n herinnering van wat met hulle gebeur het, en is daarom ook 'n gemeenskaplike gebeurtenis waarin elkeen hulle weer opnuut met Christus se sterwe en opstanding identifiseer, en hulle posisie in die Here bevestig.

### **Vrae:**

1. Gee vir elkeen die geleentheid om hulle seisoen, waar hulle nou in hulle verhouding met God is, te beskryf.
2. Die afgelope tyd saam, en die materiaal, is geensins daarop gemik om enige iemand te laat skuldig voel oor of jy gedoop is of nie. Dit vorm deel van jou *journey* en verhouding met God en moet uit daardie perspektief gesien word. Deel bietjie met mekaar hoe jy voel oor die Doop van die Gelowige in jou huidige seisoen saam met God.

## **2. Oefening van die week**

*Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Gebruik hierdie week om spesifiek met God te praat oor Sy opdrag soos gesien in Matteus 28:19-20. Word stil en sif al die stemme wat met jou praat. Konsentreer op die gesprek tussen jou en God.

## **3. Seëngebed**

*Hierdie seëngebed kan in die afsluitingsgebed ingesluit word.*

Sê die volgende stadig saam op as 'n groep. Oë toe en fokus jou gedagtes op jou en die Here. Herhaal dit so 3 of 4 keer

Wees stil en weet Ek is God

Wees stil en weet Ek is

Wees stil en weet

Wees stil

Wees

Amen

# NOTAS

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

# NOTAS

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

## HERDERS:

Ruan Rabie (12-18 jr)

[oorgee@als.org.za](mailto:oorgee@als.org.za)

076 793 0297

Darius van der Schyf (19-25 jr)

[darius@als.org.za](mailto:darius@als.org.za)

072 822 8267

Andries Minnaar (26-35 jr)

[minnaar@als.org.za](mailto:minnaar@als.org.za)

082 463 1645

Francois Fouche (36-44 jr)

[francois@als.org.za](mailto:francois@als.org.za)

063 179 5493

Willie Coetzee (45-53 jr)

[willie@als.org.za](mailto:willie@als.org.za)

083 417 7792

Bertie Nel (54-64 jr)

[bertie@als.org.za](mailto:bertie@als.org.za)

083 696 0668

Herman Coetser (65 jr+)

[herman@als.org.za](mailto:herman@als.org.za)

083 268 7888